



Prof Bernard Slippers

Prof Slippers is professor in Genetika en hy is een van die navorsingsleiers van die Boombeskerming-samewerkingsprogram (TCP) sowel as die DWT/NNS se Sentrum vir Uitnemendheid in Boomgesondheidsbiotegnologie by die Instituut vir Bosbou- en Landboubiotegnologie (FABI).

Prof Slippers se navorsing is toegespits op die molekuleêre ekologie en evolusie van insekte en mikro-organismes wat boomgesondheid aantast – met besondere aandag aan antropogeniese faktore wat hierdie bevolkings raak en metodes om die impak van die faktore te verminder. Hy geniet wye erkenning vir sy navorsing en het die presidensiële toekenning van die NNS en die silwerpenning van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir die Bevordering van Wetenskap ontvang. Meer onlangs het prof Slippers die JE Vanderplank-toekenning vir jong wetenskaplikes van die Suider-Afrikaanse Vereniging vir Plantpatologie ontvang. Hy het meer as 110 referate gepubliseer, was mederedakteur van een boek en 'n aantal hoofstukke in ander publikasies. Sy vakkundige artikels word wyd aangehaal en het gemiddeld >12.5 verwysings per artikel ontvang (h-faktor 243, alle databasisse op die ISI Web of Knowledge). Sy wetenskaplike artikels vir die leek verskyn gereeld in tydskrifte en koerante en word ook deur radiostasies uitgesaai. Wat wetenskapsonderrig betref, is prof Slippers hoofsaaklik op nagraadse vlak betrokke. Hy voorsien steeds studieleiding as promotor of medepromotor aan 'n aantal nadoktorale navorsers, met inbegrip van 30 huidige en voormalige PhD- en MSc-studente, asook talle MScHons-studente. Hy lewer gereeld bydraes by nasionale en internasionale kongresse – as deelnemer of organiseerder. Prof Slippers beoordeel referate vir die vernaamste vaktydskrifte in sy veld en is lid van adviserende groepe vir bosboupeste en siektes in Suid-Afrika en in die buiteland.

Hy het ook 'n passie vir wetenskapontwikkeling en die rol van die wetenskap in die breë samelewing. In hierdie verband was hy intensief betrokke by die Jong Akademie-beweging – as stigterslid van die Global Young Academy (GYA) in 2010 en in 2011 van die Suid-Afrikaanse Jong Akademie vir Wetenskap (SAYAS). Hy dien tans 'n tweede termyn as medevoorsitter van GYA. Prof Slippers is 'n jong affiliaal van die Academy of Sciences for the Developing World (TWAS), wat in 2011 die AU-TWAS-Jong Wetenskaplike Nasionale Toekenning aan hom toegeken het.

Prof Slippers is a professor in Genetics and he is one of the research leaders of both the Tree Protection Cooperative Programme and DST/NRF Centre of Excellence in Tree Health Biotechnology at the Forestry and Agricultural Biotechnology Institute (FABI).

Prof Slippers' research focus is on the molecular ecology and evolution of insects and micro-organisms that affect tree health, with a particular focus on anthropogenic influences on these populations and ways of reducing their impact. He has received wide recognition for his research, including a President's Award from the NRF and the British Association Medal (silver) from the Southern African Association for the Advancement of Science. Most recently, Prof Slippers received the JE Vanderplank Award as a young scientist from the Southern African Society for Plant Pathology. He has published more than 110 papers, co-edited one book and a number of chapters in other publications. His papers are well cited, receiving on average >12.5 citations per paper (h-factor 243, all databases on ISI Web of Knowledge). He regularly contributes popular scientific articles to journals, newspapers and radio. In science education Prof Slippers is predominantly involved at a postgraduate level, and continues to supervise or co-supervise a number of postdoctoral researchers, including more than 30 current and past PhD and MSc students, as well as numerous BSc honours students. He regularly contributes to national and international congresses, as participant and organiser. Prof Slippers broadly reviews papers for key journals in his field and serves on advisory teams on forestry pests and diseases in South Africa and abroad.

Science development and the role of science in broader society is his passion. In this regard, he has been deeply involved in the Young Academy Movement as a founding member of the Global Young Academy (GYA) in 2010 and the South African Young Academy of Science (SAYAS) in 2011. He currently serves a second term as co-chair of the GYA. Prof Slippers is a Young Affiliate of the Academy of Sciences for the Developing World (TWAS), from which he received the AU(African Union)-TWAS Young Scientist National Award in 2011.

Prof Slippers ke mopofesa wa Tšenetiki (Thuatleabela). Ke o mongwe wa baetapele ba banyakišišo wa Lenaneo la Mokgatlo wa Tšhireletšo ya Mehlaré bobedi le Senthara ya Bothakga ka ga Payotheknolotši ya Maphelo a Mehlaré ya DST/NRF go Institšhute ya Payotheknolotši ya Temo le Dikgwa (FABI).

Dinyakišišo tša Prof Slippers di lebiša go ekholotši ya dimolekhule le ebulušene ya dikhunkhwane le diphedi tše di nnyane tšeo di amago lephelo la mohlare ka malebiša a itšego go dikhuetsō tša anteropolotši go diphedi tše le ditsela tša go fokotša khuetsō ya tšona. O amogetše temogo ya go naba bakeng sa dinyakišišo tša gagwe, go akaretšwa Sefoka sa Mopresidente go tšwa go NRF le Seala sa Mokgatlo wa Brithania (Silibere) go tšwa go Mokgatlo wa Borwa bja Afrika wa Tšwetšopele ya Saense. Kgauswinyana mo, Prof Slippers o amogetše Sefoka sa JE Vanderplank bjalo ka ramahlale o monnyane go tšwa Mokgatlong wa Borwa bja Afrika wa Patolotši ya Dimela. O gatišitše dipampiri tša go feta tše 110, o rulagantše puku e tee le dikgaolo tša go balega ka dikgatišong tše dingwe. Dipampiri tša gagwe di tsopolwa gantši, mo a amogetšego >12.5 pampiring engwe le engwe (h-fektha 23, didatabase ka moka go ISI Web of Knowledge). O romela kgafetšakgafetša diathikele tša saense tša go tuma go ditšenale, dikuranta le diradio. Mo go tša thuto ya saense Prof Slippers o na le seabe se segolo maamong a dialoga tša thuto ya godimo, ebile o tšwela pele go akomela goba go akomelammogo banyakišiši ba go balega ba ka morago ga dithuto tša bongaka, go akaretšwa baithuti ba go feta 30 ba bjale le ba maloba ba PhD le MSc, le baithuti ba bantši ba honase ya BSc. O kgatha tema gantši dikopanong tša bosetšhaba le tša boditšhabatšhaba bjalo ka mokgathatema le morulaganyi. Prof Slippers o sekaseka dipampiri tša ditšenale tše di kgolo ka lekaleng la gagwe ebile o bopa karolo ya dihlopha tša boeletši ka tša disenyi tša ka dikgweng le malwetši ka Afrika-Borwa le nageng di šele.

Tlhabollo ya saense le karolo ya saense setšhabeng ka bophara ke phišego ya gagwe. Ka go realo, o kgathile tema ye kgolo ka Mokgatlong wa Akatemi ye nnyane (Young Academy Movement) bjalo ka mothomi wa Akatemi ye nnyane ya lefase (GYA) ka 2010 le Akatemi ye nnyane ya Afrika-Borwa ya Saense (SAYAS) ka 2011. Ka se sebaka ke modulasetulommogo wa GYA lekga la bobedi. Prof Slippers ke Leloko la moswa la Akatemi ya Saense ya Mafase ao a Hlabologago (TWAS), moo a amogetšego Sefoka sa Bosetšhaba sa Ramahlale o monnyane sa Dinagakopano tša Afrika -TWAS ka 2011.